

Gereformeerde Kerk Bellville – 18 Februarie 2018 – Oggend

Sing vooraf staande: Psalm 26:1, 2 (p. 121)

- 1 O HEER, doen aan my reg! / Ek wandel as u kneg
en wil opreg met U verkeer. / Op U alleen vertrou ek;
op U, my Rotssteen, bou ek, / ek sal nie wankel, troue HEER!
- 2 Beproof my van omhoog, / deurstraal my met u oog;
want op u guns verlaat ek my. / Deurgrond al my verlange
en toets my in my gange, / want dis u waarheid wat my lei.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Loflied: Psalm 96:1, 2 (p. 480)

- 1 Sing vir die HEER 'n nuwe lied! / Die aard' se verste perke/ moet jubel oor sy werke,
en Hom die lof en hulde bied; / moet uitroep en verwag / sy heil van dag tot dag.
- 2 Verkondig nou sy roem en eer / by al die nasies, onder / die volke: sterkte en wonder;
want groot, lofwaardig is die HEER. / Vreeslik in heerskappy / bo al die gode is Hy.

Geloofsbelydenis: Nicea

Wet

Psalm 139:1, 12 (p. 674)

- 1 Daar 's niks voor U bedek, o HEER! / U skou uit ewige dieptes neer
en sien my hart en wandel aan: / al wat ek doen, my sit en staan,
of wat in my diep weggesink het – / U weet al wat my hart bedink het.
- 12 Deurgrond, o HEER, en ken die swart, / verborge dieptes van my hart;
of diep in my, waar U kan lees, / 'n skadelike weg mog wees.
En lei voortaan my wank'le skrede / tog op die weg van ewige vrede.

Gebed

Psalm 15:1, 2 (p. 57)

- 1 Wie styg so hoog in heil en eer, dat hy met U, die grote Koning,
met U, die allerhoogste HEER, / kan op u heil'ge berg verkeer / en intrek in u heil'ge woning?
- 2 Dié wat, opreg in sy gemoed, / na Gods verhewe eis wil handel,
hom vir bedrog en leuen hoed; / en is dit voor- of teespoed, / die waarheid spreek in hart en wandel.

Skriflesing: Psalm 15; Hebreërs 9

Kernverse: Psalm 15:1b

HERE, wie mag vertoef in u tent? Wie mag woon op u heilige berg?
(Psalm 15:1b AFR53)

Tema: Om in die teenwoordigheid van die HERE te mag lewe

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, wanneer 'n mens tuis gaan by iemand anders is dit die gewoonte dat 'n mens inval by die gebruike in daardie huis. Net so verwag 'n mens van ander mense wat by jou tuis gaan dat hulle by die gebruike in jou huis sal

inval. As dit in jou huis die gebruik is dat 'n mens nie met jou skoene op die sitkamerbank sit nie, verwag jy dat die gaste in jou huis ook nie met hulle skoene op jou bank sal sit nie.

Dit werk in die kerk ook so. Wanneer iemand deel van 'n kerk wil wees moet hulle inval by die gebruike van daardie kerk. Natuurlik is enige persoon welkom om 'n erediens by te woon, want ons mag niemand daarvan weerhou om die evangelie van Christus te hoor nie. Maar wanneer iemand 'n belydende lidmaat in die Gereformeerde Kerk Bellville wil wees, is daar sekere dinge wat van so 'n mens verwag word. So iemand behoort ten minste kennis te hê van die gereformeerde leer soos wat dit vir ons saamgevat is in ons Heidelbergse Kategis-mus. Dit is immers gebruik by ons wanneer iemand deel wil hê aan die volle gemeenskap met die kerk van Christus.

En as iemand saam met ons wil nagmaal vier, moet hy 'n belydende lidmaat van hierdie kerk wees. As hy nie 'n belydende lidmaat van hierdie kerk is nie, verwag die kerkraad dat hy 'n getuienis van die kerk waar hy lidmaat is sal gee. Die kerkraad het immers op grond van die Here se Woord die verantwoordelikheid om toe te sien dat die nagmaal heilig gehou word.

Afgesien van die kerk en die nagmaal is daar baie ander plekke en geleenthede waar net lede toegelaat word. Daarom moet die vraag in ons kernvers ons nie verbaas nie. Dawid vra aan die HERE:

HERE, wie mag vertoef in u tent? Wie mag woon op u heilige berg?
(Psalm 15:18 AFR53)

Inderwaarheid vra Dawid vir die Here wie mag in sy heilige teenwoordigheid vertoef en wie mag in die nabyheid van die Here lewe.

Broers, susters en kinders, aan die hand van hierdie psalm gaan ons eers hierdie vraag van nader bekyk. Dan gaan ons na die antwoord luister. En in die derde plek sal ons na die belofte kyk wat die Heilige Gees vir ons neergeskryf het. Laat ons vervolgens die vraag van nader bekyk.

In die vraag praat Dawid van die Here se tent en van die Here se berg. Wanneer 'n mens van die tent en berg van die Here hoor, dink 'n mens sommer dadelik aan die tempel op die berg Sion. Maar die tempel het nog nie in die dae van Dawid bestaan nie. Dit was eers toe Salomo koning was dat die tempel op die berg Sion gebou is. In die dae van Dawid was daar inderwaarheid twee plekke van aanbidding. Die tabernakel was in Gibeon waar Salomo nog heen gegaan het om aan die Here te offer (1 Kon 3:4). Die ander plek was natuurlik waar die verbondsark van die Here was. Ons weet Dawid het die ark na Jerusalem gebring en op die Sionsberg plek daarvoor ingerig waar die tempel later gebou sou word.

In Hebreeus beteken die naam Gibeon *heuvel* of *berg*. Maar in Psalm 2 word die berg Sion baie duidelik die heilige berg van God genoem. Vir ons is dit dus nie heeltemal duidelik na watter plek van aanbidding Dawid verwys nie. Dawid en die eerste hoorders van hierdie psalm sou egter presies geweet het dat die tent en berg van die Here na die plek verwys waar die Here sy volk ontmoet en hulle Hom aanbid – waar dit ook al mag wees.

In die eerste vraag vra Dawid wie mag in die tent van die Here vertoef. Die woord wat ons met *vertoef* vertaal het te doen met die tydelike verblyf wat aan 'n pelgrim gegee word. Die pelgrim word in die tent ontvang waar hy beskerming en gasvryheid van die

tenteienaar mag geniet. In die tweede vraag vra Dawid wie mag op die heilige berg van die Here woon. Die woord *woon* spreek van permanente verblyf soos die verblyf van 'n kind in die huis van sy vader.

Wanneer 'n mens dink aan die tabernakel as die aanbiddingsplek wanneer Dawid van *tent van die Here* praat, weet ons darem uit Eksodus hoe die tabernakel gelyk het. In Hebreërs 9 hoor ons hoe die tempelgebou gelyk het – dit was op die patroon van die tabernakel gebou. Daar was 'n voorhof waar die brandofferaltaar gestaan het. Dan was daar 'n eerste groot vertrek wat die heilige genoem is. En dan agter die gordyn was die allerheiligste deel. Daar mag die hoëpriester net een keer per jaar ingegaan het op die groot versoendag. Hy kon net met die bloed van die offerdier daarin gaan om versoening te doen vir die sondes van die volk. Sodra hy die bloed op die verbondsark en voor die ark gesprinkel het, moes hy dadelik weer uitgaan. Sondaars kan nie by die heilige God vertoef nie, want hy verdra nie die boosheid nie. En selfs die hoëpriester was nog 'n sondaar. Hy moes eers vir sy eie sondes 'n offer bring voordat hy in die allerheiligste ingaan om vir die volk se sondes versoening te doen.

Teen hierdie agtergrond oor die tabernakel en later die tempel kyk ons weer na die vraag in vers 1. Dan lyk die vraag na 'n retoriese vraag. 'n Retoriese vraag is 'n vraag waarop die ant-waard eintlik voor die hand liggend is. Vir enigeen wat die Here al goed ken en die Bybel ken, is die antwoord op die vraag duidelik. Geen sondaar mag in die heilige teenwoordigheid van die Here vertoef nie – nie eers vir 'n klein rukkie nie – want Hy verdra nie die sonde nie. As niemand eers vir 'n klein rukkie by die Here mag wees nie, is daar nie eers sprake van permanent woon op die heilige berg van die Here nie.

So 'n antwoord laat 'n mens onvergenoeg en leeg. God is so heilig en ons is sondaars ... hoe sal daar 'n betekenisvolle verhouding tussen ons en die Here kan wees? Met hierdie gevoel van teleurstelling dring die Heilige Gees die sondaar om te soek na 'n manier uit hierdie doodloopstraat. Die weg uit hierdie doodloopstraat is in die antwoord opgesluit wat in die volgende vier verse gegee word.

Na gelang van hoe 'n mens dit tel word daar in die antwoord tien of twaalf eienskappe of kenmerke gegee van die een wat in die teenwoordigheid van die Here mag kom en woon. Die antwoord begin met algemene kenmerke. So 'n mens moet opreg wandel en geregtigheid doen. Dit wil sê so 'n mens moet onberispelik lewe en, wat hy ook al doen, moet in ooreenstemming wees met die wil van God. Dit is hoe ons eerste ouers was nadat God hulle geskep het. Adam en Eva se lewe was opreg en hulle het geregtigheid gedoen. Hulle ganse lewe was elke oomblik daarop toegespits om God te verheerlik. So moet die mens ook lewe en optree wat in die tent van die Here wil vertoef en op die heilige berg wil woon. Sy lewe moet nie net so teenoor God wees nie, maar ook teenoor ander mense.

Die derde kenmerk van iemand wat in die teenwoordigheid van die Here mag wees, is dat hy die waarheid in sy hart spreek. Dit gaan dus nie maar net oor sy uiterlike optrede nie – dit gaan oor die gesindheid wat in sy hart is. Hy spreek en bedink die waarheid in sy hart. Die leuen en die vader van die leuen het geensins plek in sy lewe nie. Kom u ook agter watter hoë standaard word hier gestel?

Hierdie hoë standaard word in die volgende verse voortgesit. In vers 3 hoor ons dat so 'n mens nie met sy tong lasterlike dinge sal sê nie. Hy sal nie heimlik stories van iemand anders vertel nie. En ons weet almal hoe moeilik dit is om jou tong te bedwing. In Jakobus 3 waarsku die Here ons oor hoe moeilik dit is om jou tong te beheer. Verder doen so 'n mens nooit kwaad teenoor sy vriende nie.

In vers 4 leer die Heilige Gees ons dat iemand wat in die teenwoordigheid van die Here bly nie meng met mense wat geen eerbied vir God het nie. Hy verkies die geselskap van die mense wat die Here vrees. Dit wil sê, iemand wat in die teenwoordigheid van die Here bly word geken aan die vriende wat hy hier op aarde het. So 'n mens hou ook sy belofte wat hy met 'n eed afgelê het. Al kom hy agter dat sy belofte hom skade gaan berokken, bly hy by sy belofte.

Hy gee ook nie sy geld op woeker uit nie. Hierdie woorde hou verband met 'n voorskrif wat die Here aan Israel gegee het. Wanneer hulle 'n volksgenoot help met 'n lening mag hulle nie rente op die lening vra nie. Dit wil sê, hy is iemand wat nie ander mense in hulle nood uitbuit om homself te verryk nie. Hy aanvaar ook nie 'n omkoopgeskenk met die bedoeling om sy naaste skade aan te doen nie.

Geliefdes, wanneer ons onself eerlik meet aan hierdie kenmerke sien ons dat daar inderwaarheid net een antwoord is op die vrae in vers 1. Geen mens kan in die heilige teenwoordigheid van die Here wees nie – nie eers vir 'n klein rukkie nie – wat nog te sê permanent. Net iemand wat heilig en volmaak is kan by die Here bly en alle mense is onheilig en gebroke.

Geen mens – nie eers gelowige mense – kan aan hierdie kenmerke voldoen nie. Dus is die antwoord op wie regtig in die teenwoordigheid van die Here mag wees nie op die aarde te vind nie. Die heilige God gee self die antwoord op hierdie vraag – Hy gee sy eniggebore Seun. Jesus Christus is die enigste Een wat volmaak aan elkeen van hierdie kenmerke voldoen. Sy lewe is onberispelik en alles wat Hy gedoen het stem volkome ooreen met die wil van God. Sy woorde is die waarheid, want Hyself is die waarheid.

En nog meer – in Hebreërs 9 het ons gehoor dat Hy die reg het om tot in die allerheiligste in te gaan. Dit is nie die allerheiligste wat deur mensehande gebou is nie – maar in die allerheiligste tot voor sy Vader se troon, waar Hy met sy kosbare bloed eens en vir altyd versoening gedoen het vir hulle wat sy Vader aan Hom gegee het. En Hy het hierdie versoening volmaak gedoen en afgehandel, want Hy sit aan die regterhand van sy Vader. Hy bly vir altyd in die heilige teenwoordigheid van God. Hy mag permanent by God bly.

Wanneer ons Christus in hierdie psalm raaksien, en sien dat Hy aan elkeen van hierdie kenmerke voldoen – is die vraag in vers 1 nie meer 'n retoriese vraag nie. Jesus Christus is die antwoord op die vraag en ons word nie meer met 'n gevoel van leegheid agtergelaat nie.

Maar die antwoord op die vraag van vers 1 hou nie net daar op nie. Jesus Christus neem hierdie antwoord verder deur sy Gees. Deur die ware geloof lyf die Heilige Gees die verlore mense in Christus in. Omdat die gelowiges met Christus verenig is deur die geloof is daar twee gevolge vir hulle.

Die eerste gevolg is dat die gelowiges ook nou saam met God mag lewe. Lees 'n mens Psalm 15 sonder kennis van Christus kom jy voor 'n hindernis te staan – 'n sonder kan nie in die teenwoordigheid van God kom nie. Lees 'n mens egter die psalm met die oog op Christus dan sien die gelowige die deur. Deur Christus kom die gelowige in die teenwoordigheid van die Vader. Deur Christus vertoef die gelowige nie tydelik by God nie, maar woon permanent by Hom. En deur die Heilige Gees maak God self vir Hom 'n woning in die gelowige.

Die tweede gevolg is dat die gelowige vers 2 tot 5 begin raaksien as die kenmerke waaraan hy ook gekenmerk wil word. Christus het hierdie kenmerke en deurdat hy met die geloof in Christus ingelyf is, is dit sy begeerte dat sy lewe ook elkeen van hierdie kenmerke sal vertoon. In beginsel is elke ware gelowige reeds in die teenwoordigheid van die heilige God, want hy is deur die ware geloof met Christus verenig. Daarom streef hy daarna dat sy lewe ook sal weerspieël wie hy in Christus is. Hy wil dat sy lewe sal vertoon dat hy in die teenwoordigheid van God lewe.

In die praktyk beteken dit dat God se wil, soos dit in die Woord geopenbaar word, sy lewen-styl word. Hy werk daagliks daaraan dat sy woorde, werke en gedagtes in ooreenstemming is met God se wil. Jy ken so 'n mens ook aan die vriende wat hy hier op aarde het – hy is in die geselskap van mense wat die Here dien en eer. Jy hoef nooit sy woord in twyfel te trek nie, want hy spreek die waarheid in sy hart. Omdat die gelowige reeds in Christus in die teenwoordigheid van God is, verander sy lewe hoe langer hoe meer om hierdie kenmerke te vertoon. Hy weet immers dat hy in Christus nie tydelik nie maar vir ewig by God woon.

En dit bevestig die Heilige Gees met die belofte in vers 5:

Hy wat hierdie dinge doen, sal nie wankel in ewigheid nie. (Psalm 15:5 AFR53)

'n Mens wankel wanneer iets swaars op jou afkom. Ongelowiges en ongehoorsames sal wankel onder die oordeel van God. Maar die regverdige sal nie wankel nie, want Christus het hom van die oordeel van God bevry.

En aangesien Christus sy skuld ten volle aan die kruis betaal het, is daar geen aanklag wat meer teen hom kan standhou nie. Deur die geloof in Christus het God hom vrygespreek.

En deur die krag van die Heilige Gees en die genade van God – waarvoor hy aanhoudend dank en smee – kry hy dit reg om die versoekings te oorwin. Hy stry teen die sonde wat aanhoudend uit sy ou mens in sy hart wil insypel, want hy sien deur die Woord hoe die Here hierdie belofte gaan verwesenlik. Met die wederkoms van Christus sal God self by sy mense op die nuwe aarde kom woon en hulle sal sy volk wees.

Broers, susters en kinders, tans het ons nog nie die voorreg om self by God in sy tent en op sy heilige berg te woon nie. Maar in Christus het Hy vir ons die nagmaal ingestel wat die voorspel is van die bruilofsmaal van die Lam. Mag ons in ons voorbereiding vir die nagmaal nou alreeds streef om die kenmerke te vertoon van die mense wat eendag ook aan die bruilofsmaal van die Lam mag deelneem.

Amen!

Slotgebed

Psalm 15:4, 5 (p. 57)

- 4 Dié wat hom van die manne keer / wat God en sy bevel nie vrees nie;
maar die godvrugtiges wil eer, / en in sy eed nie valslik sweer, / of aan sy woord ontrou wil wees nie.
- 5 Dié wat geen hoop op roof wil stel / en woekerwinste nie begeer nie,
geen omkoopgeld hom af laat tel / om wie onskuldig is, te kwel – / hy sal nie wankel immermeer nie.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Katkisasieopening

Psalm 1:1, 4 (p. 1)

- 1 Welsalig hy wat op die spoor nie gaan / waar sondaars lok; wat op hul pad nie staan,
of neersit waar die spotglans in die oog is, / waar spotters vrolik spot met al wat hoog is;
maar wat Gods wet in stille mymering, / by dag en nag, weer in gedagt'nis bring.

- 4 God ken die pad waarop sy volk moet gaan; / sy oog is dit wat hulle gadeslaan
en met sy lig hul lewenspad bestraal het; / maar sondaarspad wat van Hom weggedaal het –
dit moet vergaan; onkeerbaar in hul spoed, / loop hul oplaas 'n afgrond tegemoet.

Ds Coen Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
18 Februarie 2018